| | | |
|---|---|---|
| | **Plak asseblief die strepieskode-etiket hier** | **TOTALE PUNTE** |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# TOERISME

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n Bylaag van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bylaag uit die middel van die vraestel. Die Bylaag bevat die volgende:
   - **BYLAAG A: Kaapstad NRO en tophotel hergebruik hotellinne en maak skoolhemde vir plaaslike kinders**
   - **BYLAAG B: Wêreldtydsonekaart**
   - **BYLAAG C: AFCON: CAF beperk stadionkapasiteit weens Covid-19**
   - **BYLAAG D: Nasienrubriek vir konsepkaart**
   - **BYLAAG E: *The Rock*-restaurant**
2. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
3. 'n Nie-grafiese, nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Toon alle berekeninge.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Kandidate moet kleurpenne of -potlode gebruik om die konsepkaart te voltooi.
7. Kandidate moet bladsy 13 en 14 gebruik om die konsepkaart te konstrueer.
8. Twee blanko bladsye (bladsy 20–21) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

| VRAAG | PUNTE TOEGEKEN | PUNTE BEHAAL | GEMIDDELDE TYD PER VRAAG |
|---|---|---|---|
| **1** | **15** | | 10 minute |
| **2** | **33** | | 30 minute |
| **3** | **30** | | 26 minute |
| **4** | **18** | | 20 minute |
| **5** | **26** | | 26 minute |
| **6** | **78** | | 68 minute |
| **Totaal** | **200** | | 180 minute |

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 1**

Verwys na **BYLAAG A, bladsy i: Kaapstad NRO, 'n top hotel hergebruik hotellinne en maak skoolhemde vir plaaslike kinders,** om jou te help om die volgende vrae te antwoord.

1.1 Watter pilaar van volhoubare toerisme kom duidelik na vore in hierdie uittreksel?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.2 Wat word hierdie tipe projek gewoonlik genoem?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

1.3 1.3.1 Analiseer die impak wat hierdie projek op die Marriot-groep se winsgewendheid sal hê.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

1.3.2 Analiseer die impak wat hierdie projek op gemeenskapsontwikkeling sal hê.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2022

1.4 Beskryf enige ander voorbeeld van 'n soortgelyke projek in die toerismebedryf.

(4)
**[15]**

IEB Copyright © 2022

**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die inligting in die onderstaande wisselkoerstabel en gebruik dit om die vrae wat daarop volg te beantwoord.

| Land | Geldeenheid | 20 Februarie 2022 |
|---|---|---|
| Engeland | Britse pond | ZAR20,26 |
| Japan | Japanese yen | ZAR0,13 |
| VSA | VS dollar | ZAR15,15 |
| Europa | Euro | ZAR16,20 |

Koerse soos op 20 Februarie 2022
[Bron: <https://www.afdb.org/en/documents/february-2022-exchange-rates>]

2.1.1 Watter van die vier lande/gebiede sal die meeste koopkrag in Suid-Afrika hê? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

2.1.2 'n Familie van drie kom met $22 000 elk na Suid-Afrika. Gebruik die wisselkoerstabel en bereken die totale bedrag wat die familie in ZAR sal ontvang met hulle aankoms in Kaapstad. Toon alle berekeninge.

(4)

2.1.3 Hulle het altesaam R9 000 oor na hulle drie weke lange besoek. Die koers het verander na ZAR16,10. Sal dit hulle bevoordeel of benadeel? Toon alle berekeninge.

(4)

IEB Copyright © 2022

2.1.4 Noem drie faktore wat die skommeling in wisselkoers kan veroorsaak.

(3)

2.2 2.2.1 Verduidelik wat BKK en BVK is.

(2)

2.2.2 Verduidelik hoekom daar 'n verskil tussen BKK en BVK is.

(2)

2.3 Verduidelik wat bedoel word met 'n sterk geldeenheid.

(2)

IEB Copyright © 2022

2.4 Wat kan die impak van 'n verandering in 'n land se geldeenheid van swak na sterk wees? Verduidelik vier moontlike impakte.

(8)

2.5 2.5.1 Stel twee betalingsmetodes voor wat beskikbaar is vir buitelandse toeriste se gebruik.

(2)

2.5.2 Gee een voordeel en een nadeel vir elkeen van die twee betalingsmetodes in Vraag 2.5.1.

(4)
**[33]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3

3.1 Jy is die reisagent wat 'n familie advies gee oor hulle besoek aan jou land.

3.1.1 Noem twee bronne waar toeriste inligting oor gesondheid en veiligheid kan kry wanneer hulle reis.

(2)

3.1.2 Gee twee veiligheids- en twee gesondheidswenke wanneer daar na 'n vreemde land gereis word.

(4)

3.1.3 Noem twee reisdokumente wat vereis word wanneer 'n buitelander 'n ander land binnegaan.

(2)

3.1.4 Noem drie maniere om vlugvoosheid tot die minimum te beperk.

(3)

IEB Copyright © 2022

3.2 Verwys na **BYLAAG B, bladsy ii: Wêreldtydsonekaart**, om jou te help om die volgende vrae te antwoord:

3.2.1 'n Persoon in Lagos, Nigerië, wil 'n familielid op 15 Maart om 19:00 Tokio-tyd bel. Bereken die tyd in Lagos wat die foonoproep gemaak moet word. Toon alle berekeninge.

(3)

3.2.2 'n Familie van New York, VSA, is gereed om op hulle Afrika-vakansie te vertrek. Hulle sal op 20 Maart om 09:00 na Addis Abeba, Ethiopië, vertrek. Die vlug sal 16 ure duur. Bereken die plaaslike tyd met hulle aankoms in Addis Abeba. New York pas DBT toe. Toon alle berekeninge.

(6)

3.2.3 'n Toeris arriveer op Kaïro Internasionale Lughawe, Egipte, op 25 Maart om 13:00 na 'n vlug van nege ure vanaf Bangkok, Thailand. Bereken die **vertrektyd en -datum** vanaf Thailand.

(4)

IEB Copyright © 2022

3.2.4 Beantwoord die volgende vrae oor DBT.

(a) Verduidelik wat DBT is.

(2)

(b) Waarom behoort dit geïmplementeer te word?

(2)

(c) Verduidelik waarom toeriste dit in ag moet neem wanneer hulle beplan om te reis.

(2)
**[30]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 4

Verwys na **BYLAAG C, bladsy iii: AFCON: CAF beperk stadionkapasiteit weens Covid-19** om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 'n Onvoorsiene gebeurtenis uitgesluit, identifiseer 'n ander kategorie van wêreldgebeurtenisse in hierdie artikel.

__________________________________________________________________ (1)

4.2 Noem drie karaktereienskappe van die tipe gebeurtenis wat jy in Vraag 4.1 hierbo genoem het.

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________ (3)

4.3 Gee twee redes waarom die toeskouerkapasiteit tydens wedstryde beperk is.

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________ (2)

4.4 Watter effek sal die beperking op toeskouerkapasiteit op die vermenigvuldiger-effek in Kameroen hê?

4.4.1 Verduidelik, met voorbeelde, wat die vermenigvuldigereffek in toerisme is.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (4)

IEB Copyright © 2022

4.4.2 Verduidelik hoe dit geaffekteer sal word tydens die sokkertoernooi.

(4)

4.5 Noem vier negatiewe gevolge vir die gasheerland wat 'n wêreldgebeurtenis aanbied.

(4)
**[18]**

**VRAAG 5 KONSEPKAART**

**Konstrueer** 'n konsepkaart waarin jy aantoon hoe uitmuntende dienslewering 'n direkte effek op 'n besigheid se winsgewendheid het. Maak seker dat jy die volgende in jou konsepkaart aanspreek:

(a) Redes waarom goeie spanwerk belangrik is.

(b) Hoe 'n individu se bydrae (of gebrek daaraan) 'n impak op 'n besigheid se winsgewendheid kan hê.

(c) Maniere waarop toeriste terugvoering kan verskaf.

(d) Maniere waarop bestuur die diensleweringsvlak van personeel kan verbeter.

(e) Watter persoonlike sterk punte jy na 'n besigheid kan bring om positief tot die winsgewendheid by te dra.

Maak seker dat jy die **onderlinge verhoudings** tussen die bogenoemde konsepte duidelik aantoon.

Maak seker dat jy **kleure en 'n sleutel** gebruik om te onderskei tussen die verskillende konsepte en idees.

Gebruik die **rubriek (BYLAAG D)** as riglyn wanneer jy jou konsepkaart voltooi.

Teken jou konsep kaart op die volgende twee bladsye. **[26]**

IEB Copyright © 2022 

## Konsepkaart

IEB Copyright © 2022

**Konsepkaart**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6

Lees **BYLAAG E, bladsy v: *The Rock*-restaurant** om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

6.1 Identifiseer 'n loopbaan wat verband hou met *The Rock* in hierdie artikel.

________________________________________

________________________________________ (1)

6.2 Omskryf 'n loopbaanroete vir die beroep wat jy in Vraag 6.1 geïdentifiseer het.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (5)

6.3 Jy is Firman, bestuurder van *The Rock*. Stel 'n gedragskode op vir 'n nuwe personeellid wat by die besigheid aansluit.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (5)

6.4 Verduidelik waarom Firman 'n gedragskode vir sy besigheid behoort te implementeer. Gee TWEE redes.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

6.5 Maak vier voorstelle oor hoe *The Rock* 'n professionele beeld as 'n toerismebesigheid kan verseker.

(4)

6.6 Gee Firman raad aangaande twee maniere waarop hy kan verseker dat sy personeel professioneel vertoon.

(2)

6.7 6.7.1 Gee twee voorstelle hoe Firman *The Rock* internasionaal kan bemark.

(2)

6.7.2 Verduidelik hoe SA Toerisme befondsing verkry om Suid-Afrika by een van die geleenthede wat jy in Vraag 6.7.1 genoem het, te bemark.

(4)

6.7.3 Is die twee maniere wat in Vraag 6.7.1 genoem is voorbeelde van bo- of onder-die-lyn-bemarking? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2022 

6.7.4 Watter twee onder-die-lyn-bemarkingsmetodes kan Firman gebruik om sy restaurant te bemark?

(2)

6.8 Noem twee kostes wat verband hou met *The Rock* se internasionale bemarkingsbegroting.

(2)

6.9 Nigel Firman het die geleentheid om 'n stuk grond te koop naby 'n wildreservaat in jou land. Hy hoop om 'n nuwe restaurant binne 'n Groot Vyf-reservaat te vestig. Hy wil dit baseer op *The Rock*, maar met 'n landelike atmosfeer. Hy moet 'n besigheidsplan vir beleggers opstel. Noem drie punte wat in die plan ingesluit behoort te word.

(3)

6.10 6.10.1 Analiseer die gevallestudie en verskaf ses faktore wat bygedra het tot die sukses van *The Rock*.

(6)

IEB Copyright © 2022

6.10.2 Verduidelik hoe elkeen van hierdie faktore tot die sukses van *The Rock* bydra.

(12)

6.11 Jy is 'n jong entrepreneur met 'n geleentheid om 'n nuwe, innoverende en **omgewingsvriendelike** produk of diens by *The Rock*-restaurant te begin.

6.11.1 Noem enige vyf P's van die bemarkingsmengsel.

(5)

IEB Copyright © 2022 

6.11.2 Verduidelik hoe jy dit in jou bemarking van die produk of diens sou gebruik.

(5)

6.12 Stel 'n SSGB (SWOT)-analise van jou nuwe onderneming op. Gee DRIE geldige feite onder elke opskrif.

IEB Copyright © 2022

(12)

6.13 Verduidelik hoekom dit belangrik is om jou besigheidsplan gereeld op te dateer.

(2)

6.14 Noem twee noodsaaklike besigheidsvaardighede wat nodig is om 'n suksesvolle besigheid te begin en te bedryf.

(2)
**[78]**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022